**NUUS HOOGTEPUNTE gedurende die afgelope maand in die lewe van HEY!**


HOPE EXPLOSION YOUTH MINISTRIES

# HEY! Brokkies Nuus Sept/Okt 2014


## Gebedsweek van 22-26 September:

**Lochnerhof se "LIGHUIS" wendyhuisie** was net betyds gereed hiervoor en word nou as permanente gebedskamer gebruik! By **Danie Ackermann** was 'n klaskamer vir die week ingerig. Verskeie persone wie by "7 days on the wall" gebeds-inisiatief betrokke is het die vertrek by **Somerset-Wes primêr** ingerig en beman. Ons kan getuig dat hierdie weereens 'n geseënde week was. Daar was menige gebedsbriefies: van "liefie-briefies" aan Jesus tot hartroerende versoeke. Hoewel hierdie weke ekstra tyd en hande verg, groei almal betrokke ook en is dit werklik 'n baie "humbling" ervaring. **Die behoefte aan gebed is gróót en die kinders stroom letterlik elke dag in om te kom bid. Ons gee aan God die eer !**




Lochnerhof se LIGHUIS gebedshuis



Summies: gebeds-kamer met gebede wat aan lintjies hang



Gebedskring by danie Ackermann

## Afsluitings vir kwartaal deur Lochies se "akteurs!"

**Die passievolle en entoesiastiese span aanbieders by Lochnerhof se grondslag- asook senior fase het toneeltjies opgevoer.** Die seniors se toneel het gegaan oor STEMME. Die volgende is kreatief uitgebeeld: met hul STEM kan mense mekaar of hulself afkraak. Maar hier teenoor het God met Sy STEM die hele aarde en alles daarop geskep! In die Nuwe Testament het Saulus/Paulus God se STEM uit die hemel gehoor! By Jesus se kruisiging was daar 'n skerp kontras tussen twee misdadigers se STEMME - waar die een God gelaster het met sy STEM en die ander een sy STEM gebruik het om in die hemel te kom! Die vraag was: **Hoe klink jou STEM? Kan mense Jesus in jou STEM hoor wanneer JY praat??** Die kinders het dit BAIE geniet en waardeer! DANKIE julle..julle is regtig "AMAZING" ♥



Kruisiging toneel. Lochies se aan-bieders is sowaar ervare akteurs



Lochies saalafsluiting deur aanbieders

Dankie vir jou gebede, liefde en omgee! Celeste Steinmann 082 322 5299

**Saalafsluiting by Somerset-Wes primêr :** Die storie van die **onderste-bo dorp** waar almal verkeerd om loop a.g.v. die gewigte belt wat hulle dra is altyd 'n wenner! Totdat iemand eendag die dorp regop binnestap en hulle vriendelik nooi om die swaar belt af te haal om regop te kan loop..ja reg geraai!! Die **belt is die sonde las** wat ons so swaar (onderste-bo) laat loop en **Jesus die Man wie dit wegneem** as jy Hom vra. Wat 'n voorreg om hierdie waarheid te kon deel! **LOOP JY AL REGOP? Jesus wil jou vrymaak, ook van jou bekommernis: "Werp jou bekom-mernis op Hom, Hy sal sorg" 1Pet 5:7**



